#25

MAKLIK

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 5/10
**Vaardigheidsvlak** 3/10
**Tyd nodig** 1 dag




**KONTAK** Marlene Kruger 082 879 5083, marlene@inspiredinteriors.co.za

# ’n Oulap se rooi

Kyk hoe koel lyk dié vintage-yskas in sy nuwe gewaad.

*Deur* **Marlene Kruger** • *Foto’s* **Francois Oberholster**

## Wat jy nodig het

- Annie Sloan-krytverf in die kleur Emperor’s Silk
- skuurpapier
- maskeerband
- klein sponsroller (of kwas) en verfpan
- Annie Sloan Clear Wax
- vleisdoek



## Só maak jy ...

**1** Was die yskas mooi skoon met ’n nat lappie en maak seker dat alle vuiligheid afkom. As daar ’n bietjie roes aan die yskas se panele is, skuur dit glad met 180-grint-skuurpapier en seël die roes met ’n waterbasisvernis vir ekstra beskerming.







**Wenk** As jy ’n meer nerf-af afwerking verkies, gebruik ’n kwas pleks van ’n sponsroller.

**2** Plak die dele wat jy nie wil verf nie met maskeerband toe. Dit sluit die rubberstroke aan die binnekant van die deure in. **3** Verdun die verf met ’n bietjie water as jy ’n sponsroller gebruik. Wend minstens drie lae verf aan en laat elke laag verf goed droog word tussenin.

**4** Wag tot die laaste verflaag droog is en verseël dit dan met Annie Sloan Clear Wax en ’n sagte lappie. Neem ’n skoon lappie en vryf die was blink en glad. **5** Verwyder die maskeerband en poets enige chroomdele ook met die Clear Wax totdat dit blink.



### [WAS: WATTER EEN WAAR EN WANNEER?]

**Annie Sloan het vier ekovriendelike, nie-giftige wasprodukte waarmee jy pas voltooide krytverfprojekte, rou hout en ander oppervlakke kan verseël. Ingrid Lens van Palette Decor in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal, gee raad oor die beste gebruik van elkeen:**

**White Wax** sal enige Annie Sloan Chalk Paint-kleur ligter maak en versag. Of wend dit direk op onverniste hout aan en skep só die voorkoms van afgewitte eikehout.
**Clear Wax** Indien jy ’n sagte, fluweelagtige afwerking verlang, is Clear Wax die beste keuse. Gebruik Clear Wax vir die verseëling en beskerming van meubels en mure wat met krytverf behandel is. Dit beklemtoon die diepte van die kleur en skep ’n lieflike ligte afwerking, maar kan ook tot ’n helder glans gepoets word.
**Black Wax** sal jou verfwerk ’n byderwetse donker voorkoms gee wat nie net die tekstuur in jou kwashale en vormdetail sal beklemtoon nie, maar die kleure ook donkerder en ryker sal laat vertoon.
**Dark Wax** Met Dark Wax kan jy jare se karakter by jou verfwerk voeg. Dit sal ook kwashale, krakies en tekstuur beklemtoon.
**KONTAK** 082 924 4932, palettedecor.co.za